# Ruach Bediening Nuusbrief

Julie 2024

Sarel en Gerda Reinecke

In hierdie Nuusbrief


1. Gedagte vir die maand ..... 1
2. Gebedsterapie sessies in Julie 2024 ..... 2
3. Getuienisse ..... 2
4. Sommer net 'n paar gedagtes ..... 3
   a. Vrees ..... 3
   b. Vrees en angs is nie meer deel van my lewe nie ..... 4
   c. Boetie! Boetie! ..... 5
   d. Die laaste seisoen van die lewe ..... 6
   e. Die probleem met weghardloop ..... 8
5. So terloops ..... 9
   a. God het 'n Koning gesien ..... 9
   b. 'n Predikant doen huis besoek ..... 9
   c. Amazing Craft Ideas ..... 10
   d. Kruiwa ..... 10
   e. Koos van Tonder ..... 10
6. Beplanning vir volgende maande ..... 11
7. Woord in Aksie kampe – Pretoria ..... 11
8. Bybelskool ..... 12
9. Afsluitings Gebed ..... 12




## 1. Gedagte vir die maand



Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word. Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, aan hom 'n klip sal gee; en as hy 'n vis vra, aan hom 'n slang sal gee? As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!

**Mattheüs 7:7-11**

[7]Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind;
klop, en vir julle sal oopgemaak word. [8]Want elkeen
wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat
klop, sal oopgemaak word. [9]Of watter mens is daar
onder julle wat, as sy seun hom brood vra, aan hom 'n
klip sal gee; [10]en as hy 'n vis vra, aan hom 'n slang sal
gee? [11]As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes
aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle
Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die
wat Hom bid!

## 2. Gebedsterapie sessies in Julie 2024

| | |
|---|---|
| 53 | Gebedsterapie sessies in Centurion |
| 1 | Gebedsterapie sessies per Telefoon |
| 31 | Gebedsterapie sessies per Video Call |
| 8 | Gebedsterapie sessies in Delmas |
| 23 | Gebedsterapie sessies in Middelburg |
| 29 | Gebedsterapie sessies in Nylstroom |
| 145 | Totale gebedsterapie sessies vir die maand |

## 3. Getuienisse




Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening:

(Dit gaan alles oor hoe Jesus ook jou, as instrument kan gebruik in Sy Koninkryk: Mat 5:16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.)

**Getuienis 1**: Ek voel sielsvervuld, te danke aan Oom Sarel. Ek weet baie mense het sy hulp nodig, ek gun hulle die tyd om ook hul hart en siel met die Here reg en gesond te maak. Dankie vir alles wat julle vir my en my seun gedoen het, julle werk beteken meer as wat julle besef!

**Getuienis 2:** *Ek voel net om die Getuienis van Natalie Le Roux te deel.*

As jy my en my storie ken, weet jy dat ek al vir jare weet ek moet klavier speel en sing...
Reveal Ministries - Henno & Amelia Botha het al in 2014 vir my 'n baie powerful profetiese woord gegee oor klavier speel en sing.
Die afgelope tyd (al 'n hele rukkie) ervaar ek dat my bediening gaan "verander". Ek gaan steeds my getuienis deel, boodskappe lewer en profeties bedien, maar ek weet ek moet tussen die jongmense begin bedien. Ek worstel. Hoe begin 'n mens as jy die jong mense en skole in jou omgewing nie ken nie? As niemand jou ken nie? Stap jy net in?
'n Tyd gelede vas ek koffie vir 21 dae. Tydens my vas, is een van die grootste hartsgebede "ABBA, sal U asseblief vir my 'n deur oopmaak vir bediening?"
Ek los dit alles nét daar, voor die Troon.



Ek begin 'n journey. Ek daag op. Vir alles wat na my kant toe kom, oefening, by 'n selgroep bedien, ens. Daag jy net op, Natalie. Daagliks! Ook vir jou intieme stiltetyd met My, daag op.

'n Tyd gelede kry ek Woord en 'n tamboryn by Michelle Eybers en by Didier Tison. "Worship is your weapon".
Dit is baie sterk op my hart. Ek moet 'n klavier kry. Vir jare het ek nie een gehad nie. Dit is 'n begeerte, maar ek het lesse nodig. Ek het nie tyd nie, wel ek het, maar Dianique sal nie vir 'n uur stil sit terwyl ek les kry een maal 'n week nie, en dit is okei, want sy is my prioriteit. My budget laat buitendien nie nou lesse toe nie.

Ek vra op my status of iemand weet van 'n klavier of keyboard wat te koop is. Ek soek een waarop gesalfde hande gespeel het. Die absoluut uitstekende pianis, Alrese Horn, sê sy het een. Spotgoedkoop. Eintlik amper verniet.
Hy staan in ons voorhuis. Ek speel. Ek worship. Ek war. Ek huil. Alles voor my klavier. To the audience

of One.
Maar ek kort lesse. By iemand wat gesalf is om hierdie te doen, Here. En Dianique.

Ek bestel ‘n canvas print van Liezel Ferreira Motto-Ros se skildery "My weapon is a melody" en hang dit reg bo my klavier. Ek sien dit heeldag. Elke dag.

Ek en Lucinda Labuschagne Broodryk het Maandag begin oefen. Fisiese liggaamsoefeninge. Maandag tot Vrydag. Tien-uur. Gisteroggend ervaar ek, om een of ander rede, ek moet vir Lucinda sê "Ons moet Vrydae ‘n skip gee, sommige Vrydae is Bo-vertrek en so aan..."

Gister sien ek ‘n plasing op Krugersdorp Community Forum, ‘n Kerk (1.2km van ons huis af) soek iemand om keyboard te speel, slegs Sondae aande tydens die Jeugdiens.
Iets stir in my hart. Ek wil. Maar ek kan nie... Ek wil.
Ek scroll verby.
Later die middag kry ek ‘n boodskap "Natalie, sal jy belangstel om in ons band te speel tydens die jeugdienste?"
Ekskuus tog?
"Ek het vroeër jou plasing gesien, ek wou reply, maar ek ken regtig net die basics. Baie basic. Nie goed genoeg vir ‘n band nie. Terloops, wie het jou in mý rigting gestuur?"
"Belinda Allen het jou getag."
Ek en Belinda het mekaar al jare op Facebook, maar ons het ‘n kort tydjie gelede eers begin gesels. Sy het geen idee waaroor ek bid nie. Volgens haar het sy maar net gevoel sy wil my tag want sy weet ek speel keyboard.

Ek stuur ‘n kort stukkie van my baie beperkte keyboard skills en ek sing.
"JY IS GESTUUR! Jy sing óók. Hierdie is dalk vir jou basic, maar dit is meer as genoeg. Ek teach klavier, so, as jy sommige Vrydae oggende tien uur beskikbaar is, kan ek jou teach, ek wil so graag in iemand invest. Kan jy ons vanaand al join vir rehearsal?"
"Slegs as ek my tweejarige dogtertjie kan saam neem."

Dianique stap by die kerk se babakamer in, saam met my, dié vrou en die vrou se tienjarige dogtertjie.
Dianique wil net daar bly en speel. Af en toe stap ek om te gaan kyk of sy okei is, die twee speel ‘n hond uit ‘n bos. Stroopsoet.

Die vrou begin sing en speel. Ek kan my ore nie glo nie. So ‘n talent hoort op internasionale verhoë, en hier het Krugersdorp die voorreg om haar te mag hê, en ék mag deur haar opgelei word.
"Terloops, my dogtertjie homeschool en kom Vrydae saam met my kerk toe, so sy sal elke keer hier wees om vir Dianique besig te hou."

Hoe perfek kàn Hy dinge in plek sit? Wow!



## 4. *Sommer net ‘n paar gedagtes*

### a. Vrees

Dis asof almal gespanne wag om te kyk… wat gaan nou gebeur?
Die feit bly staan. Die Duiwel wil vrees in ons harte plaas.
En vrees kan jou lam maak en onnosel goed laat aanvang.
In *Job 3:25* lees ons Job se woorde nadat hy alles verloor het:
*“Wat ek gevrees het, het oor my gekom; waarvoor ek bang was, het my getref.”*
Die Here kan die situasie verander. Hy alleen kan vir ons die regte deure oop… of toe maak.
*Jesaja 54:17: “Geen wapen wat gesmee word om jou aan te val, sal iets uitrig nie... Dit is hoe Ek, die Here, vir my dienaars sorg…”*


*Jesaja 41:13: "Ek is die Here jou God, Ek vat jou hand, Ek sê vir jou: Moenie bang wees nie, Ék help jou."*
*Jesaja 43:1-5: "Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne.* As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie; as jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie, die vlamme sal jou nie brand nie, want Ek is die Here jou God, jou Redder..."
Ons plaas ons land en die situasie in die Here se hande.
*Psalm 118:6: "Die Here is by my, ek ken geen vrees nie; wat kan 'n mens aan my doen?"*xxx

## b. Vrees en angs is nie meer deel van my lewe nie



Gebedsvoorbeeld:


- **En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees. (Matt 16:19)**
- **Ek ontbind my gedagtes af van vrees, angs en bind my gedagtes aan die gedagtes van Christus. God het my nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag, liefde en selfbeheersing. (2Tim 1:7).**
- **Vader ek werp al my bekommernis, besorgdheid en angs op U, want U sorg liefdevol en waaksaam vir my. (1Pet 5:7).**
- **Daarom sal die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan my hart en verstand bewaar. (Fil 4:6-7).**
- **Omdat ek U vrede het sal ek nie my hart toelaat om te bekommer nie. Ek sal myself nie toelaat om ontstig en versteur te word nie. Ek sal myself nie toelaat om vreesagtig, geintimideerd en lafhartig te wees nie. (Joh 14:27).**
- **Die vrees vir die mens span 'n strik; maar omdat ek steun op en vertrou in die Here, is ek veilig en beskut. (Spr 29:25).**
- **Vader, dankie vir U belofte in Heb 13:5 "want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie." Daarom kan ek met vrymoedigheid sê, die "Here is my Helper" en ek sal nie vrees nie; wat sal 'n mens aan my doen? (Heb 13;6).**
- **Die HERE is my lig en my heil: vir wie sou ek vrees? Die HERE is die toevlug en krag van my lewe: vir wie sou ek bang wees? (Psa 27:1).**
- **Ek sal nie bevrees wees nie, want God is met my; ek kyk nie angstig rond nie, want die Here is my God. Hy versterk my, ook help Hy my, ook ondersteun Hy my met Sy reddende regterhand. (Jes 41:10).**
- **Vader soos U my beveel in Jos 1:9: " Ek is sterk en vol moed. Ek sal nie bevrees of verskrik wees nie, want die HERE my God is met my, oral waar ek heengaan. Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees na buite! (1Joh 4:18).**
  - **Daarom Vader, vra ek dat U my innerlik met krag versterk deur die Heilige Gees binne in my. Mag Christus permanent in my hart woon. Mag ek diep gewortel en gegrond wees in liefde sodat ek krag kan hê en kan sterk wees om ten volle te begryp wat die breedte, lengte, hoogte en diepte van U liefde is. Mag ek werklik die liefde van Christus deur ervaring prakties leer ken vir myself want dit oortref blote kennis, sodat ek vervul kan word tot al die volheid van God. (Ef 3:16-19).**




- **Vader, gee my n liefde vir U soos niemand nog ooit gehad het nie. Ek wil U ken Vader, op 'n diep intieme vlak. Ek wil U duidelik en beter herken en verstaan. Soos ek meer op U fokus, lei my in U rus in. (Exod 33:13-14).**

## c. Boetie! Boetie!

Die omie kom gebukkend, skuifelend die pad afgestap, sy verkreukelde hoed styf in sy hand vasgeklem. Die plooie trek donker dongas oor sy gesig, en sy oë is dof en blou. Sy klere hang soos 'n meelsak om hom, sy skoene het al beter dae gesien. Sy hare wapper in drie slierte om sy voorkop, sonverbrand.




"Boetie! Boetie!" roep hy na my.

Ek gee hom een kyk en kyk dan anderpad. Net nog 'n boemelaar, net nog 'n bedelaar.

"Boetie! Boetie!" roep hy weer.

Ek draai my rug op hom en sluit die motordeur oop.

"Boetie, boetie! Wag, ek wil met jou praat." Sy stem is skor.

"Seker van al die drank," dink ek, klim in die motor en sluit die deur Hy struikel van die sypaadjie af, kom krom, oud en verwaarloos na my aangestap. Ek skakel die motor aan, kry trurat en verlaat hom, eensaam en alleen.

"Kry vir jou werk. Maak soos ek maak, dit bring geld, dan kan jy suip tot jy omval," gaan deur my gedagtes. Ek kry eerste rat, wikkel die petrolpedaal en laat hom in 'n stofwolk agter. Ek sien in die truspieël hy beduie, hande omhoog. "Ja, joune ook," sê ek hardop, "net soos jou soort is - as jy nie iets kry nie, is ek altyd die skuldige."

By die huis vertel ek vir Vroulief van die voorbarige bedelaar, wat ek gesien het. Vroulief is dadelik Moeder Hen : "Waar slaap die arme man vanaand? Dit lyk asof dit gaan reën." "Moenie oor hom worrie nie, sy soort het altyd 'n plan, hy wurm hom met 'n sak wyn iewers in 'n kombers toe en verdrink die dag van môre. Plaas dat hy karre oppas, dit sal daai drankgeldjies meer kosbaar maak."

"Swerwer, jy is 'n harde man. Wat daarvan as hy drink? Hy is ook net 'n mens, net soos jy," berispe Vroulief.

"Wat, 'n man soos ek? As hy 'n man was, het hy 'n manier gesoek om 'n geldjie te verdien vir sy lustigheid. Nou wil hy my geld bedel, dit waarvoor ek gewerk het, met my sweet, my arbeid ... Se dinges, vrou! Kom ons vergeet nou die episode, ek is klaar spyt ek het jou vertel."

Vroulief stap kop onderstebo kombuis toe, ek maak my gemaklik op die stoep, bier in die hand.

" Kan ook nie jou mond hou nie," mompel ek.

My hond kom lê onder die stoel en ek voer hom 'n stukkie biltong. Hy lek my hand dankbaar.

Eensklaps staan vrou in die deur.

"Swerwer, ek het vir die man 'n pakkie kos gepak, ons vat dit nóú vir hom. Een van die kinders se komberse is ook oor die muur, ons vat dit ook."

Ek ken die stemtoon, onverbiddelik.

"Vrou, is jy gek? Die man is seker lankal weg. Gaan skep op, ek is honger," probeer ek walgooi.

"Swerwerrrrr ... as jy nie wil ry nie....... sal ek," druk sy dit uit.

Ek weet teëpraat gaan nie help nie, my mooi van môre se dag hang hiervan af.
Ek staan op, vat die motorsleutels, en draai half vermakerig na haar: "Nou kom, as jy hom wil kos gee, doen dit self."
Ons ry in stilte, met slegs die geruis van bande. Vroulief klou die pakkie op haar skoot vas. Voor die koöperasie stop ek op dieselfde plek. In die lig van die voertuig sien ek hom op die sypaadjie sit, sy kop op sy knieë, hande wat hang tot op die grond.

"Sien jy, wat het ek jou gesê? Klaar dronk."

Vrou ignoreer my, maak die deur oop en skud die omie aan sy skouers. Stadig lig hy sy kop; trane stroom oor sy wange.
"Nog dronkverdriet ook", dink ek.

"Omie, ek het ietsie gebring om te eet", praat Vroulief sag en vat sy hande in hare.

Die omie se lyf begin ruk, hy huil nou openlik, trane stroom deur die plooi-dongas.

"Nooientjie, dis nie ek nie. Die tannie by die huis het in die bad geval. Sy kan nie opstaan nie. Ons foon werk al twee weke nie meer nie. Ek het asma, ek kon nie verder nie. Ek het 'n kêrel probeer stop, maar hy het weggejaag ... sonder om te luister. Al wat ek kon doen, was om te bid. God het vir my 'n engel gestuur. Asseblief, gaan help die tannie ... asseblief, gaan help haar."

Ek sit met 'n knop in my keel, trane wil oor die walle stroom, die hartseer is diep en skerp. My gemoed is stukkend, my siel in opstand. Waar en wanneer gaan ons besef: "Ek is my broer se herder"?

Raak iemand se lewe vandag aan

Lukas 6:31 Behandel ander mense soos julle self behandel wil word.

“Moet … nie vergeet om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, want sulke offerandes is vir God welbehaaglik.”—Hebreërs 13:16

## d. Die laaste seisoen van die lewe

Meeste van ons is nou in die laaste kwart van ons lewe en behoort hierdie interessante stukkie raad te lees 👍

Hierdie is een van die mooiste en sagmoedigste artikels wat ek in 'n rukkie gelees het: Geen politiek, Geen godsdiens en Geen rassekwessies nie - net stof tot nadenke.

Jy weet, tyd het 'n manier om vinnig te beweeg en jou onbewus te vang van die jare wat verbygaan.
Dit voel net of dit gister was dat ek jonk was en my nuwe lewe aangepak het. Tog, op 'n manier, voel dit soos jare gelede, en ek wonder waarheen al die jare gegaan het? Ek weet dat ek hulle almal geleef het. Ek het 'n blik op hoe dit destyds was en van al my hoop en drome.

Hier is dit egter, die laaste kwart van my lewe en dit vang my onverwags !!!

Hoe het ek so vinnig hier uitgegekom?

Waar het die jare heen gegaan en waarheen het my jeug gegaan??

Ek onthou goed dat ek ouer mense deur die jare gesien het en gedink het dat daardie ouer

mense jare van my af was en dat ek net in die eerste kwartaal was en dat die vierde kwartaal so ver was dat ek dit nie kon visualiseer of ten volle kon indink wat dit sal en sou wees nie.

Tog, hier is dit!! My vriende is afgetree en word grys, hulle beweeg stadiger en ek sien nou 'n ouer persoon. Sommige is in 'n beter en sommige slegter vorm as ek, maar ek sien die groot verandering. Hulle is nie soos dié wat ek onthou wat jonk en lewenslustig was nie. Maar, soos ek, begin hul ouderdom wys en ons is nou daardie ouer mense wat ons vroeër gesien het en nooit gedink het ons sou word nie.

Nou vind ek amper elke dag dat net om te stort 'n ware teiken vir die dag is en om 'n middagslapie te neem is nie meer 'n bederf nie !! Dit is verpligtend, want as ek dit nie uit vrye wil doen nie, raak ek aan die slaap waar ek sit.

En so, het ek hierdie nuwe seisoen van my lewe binne gegaan, onvoorbereid vir al die pyne en die verlies aan krag en vermoë om dinge te gaan doen wat ek wens ek gedoen het, maar nooit gedoen het nie. Ten minste weet ek dat, al is ek in die laaste kwartaal en ek is nie seker hoe lank dit sal duur nie, dat wanneer dit verby is op hierdie aarde, dit alles verby is. 'n Nuwe avontuur sal begin, voel ek !!

Ja, ek is spyt. Daar is dinge wat ek wens ek nie gedoen nie; dinge wat ek moes gedoen het, maar daar is werklik baië dinge wat ek bly is dat ek dit gedoen het. Dit is alles in 'n leeftyd.



So, as jy nog nie in die laaste kwartaal is nie, laat ek jou herinner dat dit vinniger sal wees as wat jy dink. So, wat jy ook al in jou lewe wil bereik, doen dit sommer nou. Moenie dinge te lank uitstel nie. Die lewe gaan vinnig verby.
So, doen vandag wat jy kan, want jy kan nooit seker wees of jy alreeds in die laaste kwartaal is of nie.

Jy het geen belofte dat jy al die seisoene van die lewe sal sien nie. So, leef vir vandag en sê al die dinge wat jy wil hê jou geliefdes moet onthou - en hoop dat hulle jou waardeer en liefhet vir al die dinge wat jy vir hulle gedoen het in al die afgelope jare.

'Lewe' is 'n geskenk aan jou...!! Wees gelukkig !!

Onthou, dit is gesondheid wat ware rykdom is en nie stukke goud, silwer of gedrukte Note of selfs eiendom nie.



Jy mag dalk dink:

Om uit te gaan is goed - maar om terug te keer huis toe is baie beter !!!

Jy vergeet name - maar dis okay want sommige mense het alreeds vergeet dat hulle jou ooit geken het!!!


Jy besef, jy gaan nooit regtig goed wees in iets soos gholf nie – maar jy hou van die buitelewe. So doen dit.

Die dinge wat jy vroeër omgegee het om te doen, stel jy nie meer belang in nie - maar jy gee regtig nie meer omdat jy nie soveel daarin belangstel nie.

Jy slaap beter op 'n sitkamerstoel met die TV aan as in die bed - jy noem dit 'voor-slaap' !!! As jy dit geniet, doen dit.

Jy mis die dae toe alles gewerk het met net 'n 'Aan' en 'Af' skakelaar !!!

Jy het baie klere in jou klerekas, waarvan jy meer as die helfte nooit weer sal dra nie – maar jy hou dit net vir ingeval !!




Oud is goed -

- Oud is gemaklik.
- Oud is veilig.
- Ou liedjies.
- Ou flieks.
- en - die beste van alles,
- Vriende van ouds !!!

So, bly gesond, 'Ou vriend.' Geniet 'n fantastiese dag. Geniet 'n wonderlike kwartaal, in watter een jy ook al is!!!
Kyk mooi na jouself.

*Stuur dit aan ander "Ou Vriende" en laat hulle instemmend glimlag.*

*Dit is nie wat jy versamel nie, maar wat jy strooi wat vertel watter soort lewe jy geleef het.*

## e. Die probleem met weghardloop

Rigters 6:14 - Toe draai die HERE na hom toe en sê: Gaan in hierdie krag van jou en verlos Israel uit die hand van die Midianiete. Is dit nie Ek wat jou stuur nie?

Gideon het weggekruip vir die vyand toe 'n engel hom vertel het dat hy die Israeliete in die stryd moes lei, dat hy 'n magtige man van dapper moed was. Diep binne-in het Gideon geweet dat die roeping van God op sy lewe was, dat die Here se volheid in hom was, maar hy staan by 'n keerpunt in sy lewe.

Sou hy toelaat dat vrees, onsekerheid, en 'n "Ek is nie gekwalifiseerd vir die job nie" mentaliteit hom van sy bestemming wegstuur? Sou hy sy vrese konfronteer of net die gewone ding gaan doen en in sy gemak zone gemaklik gaan wegkruip soos wat ons almal soms doen? Gideon het opgehou om weg te hardloop, sy vrese in die gesig gestaar, sy onsekerheid gekonfronteer, en 'n held van geloof geword.

Jy kan nooit alles word wat die Here jou gemaak het om te wees as jy wegskram van dinge wat moeilik of uitdagend voorkom nie. Dit is n ongemaklike ding om met jou woede te deel of om jou onsekerheid aan te spreek… Miskien moet jy iemand vergewe wat jou seergemaak het…

Dit is nie lekker nie, maar ons kan nie langer daarvan af weghardloop nie! Dit is wat jou terug hou!. Die probleem met weghardloop is dat die probleem nooit weggaan nie…hy verdwyn nie van self nie. Voordat jy kan vorentoe gaan moet jy dit aan die horings beetpak en dit hanteer!

Moet nie toelaat dat jy jou lewe lank leef as enige iets minder as wat God vir jou bestem het net omdat jy te bang was om jou reus aan te vat nie!

My raad as 'n persoon wat ook jare daardeur gekom het, 'n persoon wat die dinge ervaar het is.
* Bid sonder ophou. Psalm 56: leer ons;"
Vers 4 Die dag as ek vrees, sal ék op U vertrou.
Vers 5 Deur God sal ek sy woord prys; ek vertrou op God, ek vrees nie; wat kan vlees my doen?

Verder moet jy leer om volkome in geloof op God te vertrou en aanhou vertrou, ongeag hoe lank God vat om uitkoms te bring.
Leer om een dag op 'n slag te lewe , binne God se genade , gelei deur Sy Gees.

Psalm 68:20 leer ons:"Geloofd sy die Here! Dag ná dag dra Hy ons; God is ons heil! Sela.
Vers 21 God is vir ons 'n God van verlossinge, en die Here Here het uitkomste teen die dood.

Jesus het ons die beste raad gegee:
Mat 6:33 Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad.

Gebed wanneer vrees jou beetpak:"Gebed vir emosies Here, ek hoor in Psalm 23:4 hierdie wonderlike belofte: "Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my."

Daarom bid ek vir ons emosies. Ek bid vir elke vrees, bekommernis, depressiewe gevoel, angstigheid of selfdoodgedagte. Here, U is die Een wat vry maak en ons uit die donker put van ons emosies trek om op 'n stewige plek te staan.

Help ons om nie die slaaf van ons emosies te wees nie, maar om te bly vertrou dat U ons van elke negatiewe gedagte sal verlos. En dat U 'n nuwe lied in ons mond sal sit.
Verander ons omstandighede . Versterk ons en neem vrese weg . Lei ons deur U Gees

Amen

## 5. So terloops ....

### a. God het 'n Koning gesien




### b. 'n Predikant doen huis besoek




Die predikant doen huisbesoek. Na koek en tee vat hulle boeke. Die tante gee hom n Bybel wat vol stof is.
"Tante," se die predikant terwyl hy die stof afblaas, "hoe lyk dit my in die huis is die Bybel net daar om stof te vergader?"
"Nooit, dominee," se die tante, "my Bybel is langs my bed. Die een gebruik ons net vir huisbesoeke."

## c. Amazing Craft Ideas






## d. Kruiwa





## e. Koos van Tonder

-"Weet jy Koos," sê Van Tonder, "my seun is baie dom.
Kyk nou net hier." Hy roep die klein van Tondertjie nader en sê:
"Hier seun, vat hierdie 50c en gaan koop R1 se lekkers."

"Ja, Pa"

"Sien jy, Koos? Dom verby!" sê Van Tonder.

"Ag nee wat Van, dis nog niks nie. My arme kind is nog dommer." Hy roep vir Klein Koos nader."Kosie, gaan kyk gou hier langsaan by Tant Lettie se huis of ek daar is."

"Ja Pa"

Die twee kinders kry mekaar op die sypaadjie.

"Weet jy, my pa is seker die domste mens op aarde. Hy gee my 50c en sê ek moet R1 se lekkers gaan koop. Hy't skoon vergeet om BTW by te sit!"

"Ag man, dis nog niks. My pa is nog dommer." sê Klein Koos. "Hy stuur my na tant Lettie toe om te gaan kyk of hy daar is, en dit terwyl hy langs die telefoon sit en sommer kan bel!"

## 6. Beplanning vir volgende maande

| MIDDELBURG | NYLSTROOM | DELMAS |
|---|---|---|
| Ons bedien 1 x 'n maand in **Middelburg**, 'n Vrydag en Saterdag. **Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Tannie Nellie De La Porte ✆ 079 581 0624** | Maandae is ek in Delmas. Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel ✆ 072 400 6487** |
| **2024** | **2024** | **2024** |
| 2, 3 Augustus | 15, 16 Augustus | 5 & 12 Augustus |
| 6, 7 September | 12, 13 September | 2 & 9 September |
| 4, 5 Oktober | 24, 25 Oktober | 7 & 21 Oktober |
| 8, 9 November | 14, 15 November | 4 & 11 November |
| 6, 7 Desember | Geen | 2 & 9 Desember |

## 7. Woord in Aksie kampe – Pretoria

Kyk op Facebook blad: ***Woord in Aksie*** vir Vroue en Manne kamp datums of op www.wia.org.za.
**Kontak besonderhede:** Woord in Aksie ✆ 010 065 0881



**8.** Bybelskool




**9.** Afsluitings Gebed

"Here, dankie vir U roeping op my lewe. Dankie dat ek kan opstaan, om die grootheid wat U in my gesit het, wakker te maak. Dankie dat ek nie meer beperk word deur vrees of onsekerheid of deur gevoelens van ongekwalifiseerdheid wat deur my vriende of familie oorgedra is nie. Ek kies vandag om die moeilike dinge in my lewe te konfronteer en vorentoe beweeg in liefde, krag en selfbeheersing.

In Jesus se Naam, Amen

Baie seëninge vir julle almal - Sarel & Gerda Reinecke

Elkeen se lewe het 'n getuienis om te gee

Geloof is nie sien en dan glo nie, geloof is glo eers en dan sal jy sien.

FAITH: Forward All Issues To God